# Moenie blindelings koop nie


deur prof. Gareth Bath

**Geen boer wat sy sout werd is sal 'n oënskynlik siek of aangetaste dier aankoop nie. Daar is egter 'n groep siektes wat in skynbaar gesonde diere kan skuil wat die koper maklik in 'n strik kan laat beland.**

Die aankoop van vee by veilings gaan gewoonlik met opgewondenheid en verwagtinge van veeverbetering gepaard. Die dag word geniet, die mededinging met ander kopers is opwindend, boere bespreek die diere met hulle eweknieë, besigtig die vee te koop en kry hopelik die regte diere teen die regte prys.

As hulle werklik die beste teeldiere wil bekom, kyk hulle eers na die katalogus vir toepaslike teelinligting soos mikrons, skoonvaggewig, gemiddelde daaglikse toename (GDT), tweelinge, teelwaardes en dies meer voordat hulle eens na die ramme en ooie kyk. Dit is nog beter as die kuddeprestasiesyfers van die verkoper se diere beskikbaar is en ondersoek kan word.

Dit is alles goed en reg, maar…soms kry die koper later 'n baie onaangename verrassing, naamlik dat hy 'n siekte saam met die stuk vee wat aangekoop is, ingevoer het. Die koper was egter nie bewus van hierdie onderliggende siekte nie. Hierdie onbekende sluimersiektes in skynbaar gesonde diere word sodoende by die nuwe kudde ingebring.



Hierdie groep word gekenmerk deur die volgende eienskappe:

- Hulle kan in skynbaar gesonde diere voorkom en vir lang tye onsigbaar wees.
- Net één draerdier is genoeg om die siekte in die trop of kudde te vestig.
- Dit is duur en/of moeilik, en soms onmoontlik, om van sommige siektes ontslae te raak.
- Vir meeste van hierdie siektes is daar regsimplikasies vir boere wat die siekte in hulle kudde het maar versuim om die aanwesigheid daarvan tydens verkope aan te meld. In twee gevalle word verkope verbied (terwyl die siekte voorkom).

## Na watter siektes word verwys?

1. Johne se siekte – hierdie staatsbeheerde siekte moet met goeie rede deur boere gevrees word.
2. Skaapvrotpoot – moet onderskei word van sweerklou.
3. Jaagsiekte – alhoewel dit selde voorkom, tas die aanwesigheid daarvan die kudde permanent aan.
4. Brandsiekte – onderhewig aan staatsbeheerreëlings.
5. Kaasagtige limfklierabsesse – moeilik om te beheer en uit te wis.
6. Weerstandbiedende wurmsoorte, veral haarwurm.
7. Ensoötiese aborsie – as dit ingebring word, sal die ooikudde onbepaald ingeënt moet word.

(BLAAI OM)

8 Draaisiekte waar die skaap 'n breinsist ontwikkel – die volwasse lintwurm kom in honde en jakkalse voor.

9 Lewerslak – kan vleie met die regte tussengasheer permanent besmet.

10 Vuilbek – baie weerstandbiedend en kan by krale of vervoer oorgedra word.

11 Hartwater-bosluise – indien vee met dié organisme besmet is, kan plase besmet word.

12 Luise, rooi en blou – kan tydens skoue en veilings oor die hoof gesien word.

13 Ander bosluise soos die Karoo-verlammingsbosluis – kan onopsigtelik tydens skaap- of bokveilings versprei word.

Bogenoemde is die 13 belangrikste siektes waarvan boere bewus moet wees, maar daar is meer. Byvoorbeeld, veneriese siektes soos peestersiekte en ramsiekte (*Brucella ovis*). Raadpleeg die veearts!

## Hoe word risiko's verminder?


Elke siekte het sy eie maatreëls maar die volgende algemene beginsels geld vir veeverkope:

- Moenie van onbekende bronne koop nie, en beperk die aantal plase van waar skape bekom word. Al te dikwels koop ons by algemene veilings meer as net skape – ons is onbewus daarvan dat ons ook siektes inkoop! Die bron moet betroubaar en bekend wees.
- Ondersoek diere te koop sorgvuldig – die gesig, vel, kloue en geslagsorgane moet veral deeglik bekyk word.
- Kwarantyn aangekoopte diere in afsondering ses weke lank op beton of gruis, en nie op gras nie.
- Al word daar gesê dat die diere reeds vir 'n bepaalde siekte ingeënt is, ent weer vir gemoedsrus.
- Dip diere met geregistreerde middels wat uitwendige parasiete sal uitwis.
- Doseer met die beste beskikbare wurmmiddels en doen miseiertellings 10 dae later om te verseker dat alle teenwoordige wurms verwyder is.
- Bekom deskundige advies en aanbevelings van die plaaslike veearts wat meer besonderhede kan verskaf.



- Dring aan op 'n verkopersverklaring (*vendor declaration*) van die voornemende verkoper. Dit is die koper se reg en plig om hierdie inligting te vereis voordat diere aangekoop word. Indien die verkoper weier, kan die voornemende koper sy eie gevolgtrekkings maak.

Sien 'n voorbeeld van die goedgekeurde *OJD*-verkopersverklaring waarop kopers van lewende skape altyd moet aandring.



**VERKOPERSVERKLARING: OVINE JOHNE se SIEKTE (OJD)**

**TYDENS VERKOOP VAN SKAPE**

2017

(Opgedateede Konsep Maart 2017)

| | | |
|---|---|---|
| 1. Ek verklaar hiermee dat ek die eienaar of gemagtigde verteenwoordiger van die skape wat te koop aangebied word, is en dat ek bevoeg is om hierdie verklaring te maak. | JA | NEE |
| 2. Die skape wat te koop aangebied word is duidelik geïdentifiseer in meegaande beskrywing. | JA | NEE |
| 3. Die skape wat te koop aangebied word is op my plaas gebore. | JA | NEE |
| 4. Die plaas het 'n geslote kudde beleid (Geen lewende skape is van elders ingebring nie). | JA | NEE |
| 5. Ek is bewus van die tekens van die siekte en na my beste wete is al my eiendom vry van enige gevalle van Ovine Johne se siekte. | JA | NEE |
| 6. Ek het aktief gesoek na tekens van OJD en het die nodige toetse daarvoor laat doen. | JA | NEE |
| 7. Na my beste wete is my onmiddellike bure en buurplase in my landdrosdistrik ook vry van enige gevalle van OJD. | JA | NEE |
| 8. Die skape op al my eiendomme is teen OJD ingeënt en is duidelik gemerk met 'n goedgekeurde oorplaatjie | JA | NEE |
| 9. Alle vervangings ooi- of ram lammers is ingeënt teen OJD | JA | NEE |
| 10. Indien ingeënt, aantal jare wat inentings plaasgevind het | | JARE |

NEEM KENNIS VAN DIE VOLGENDE: Inenting beteken nie vry van OJD nie, want ingeënte diere kan steeds draers van die siekte wees.

Verklaring 8 en 9 is slegs van toepassing op kuddes wat reeds met OJD besmet is en volgens wetgewing kan sulke diere net aan ander OJD besmette kuddes verkoop word.

Kopers moet hul veeartsenykundige adviseur raadpleeg voor enige aankope

Handtekening

Datum

Plaas:

NAAM

Distrik:

EIENAAR OF GEMAGTIDE VERTEENWOORDIGER

Die gebruik van hierdie verklaring word deur die volgende instansies ondersteun:

NERPO RPO RUVASA Federasie van kleinvee telers

Prof. Gareth Bath is die voorsitter van die Koördinerende Komitee vir die Welsyn van Lewende Hawe (LWCC). Vir meer inligting, besoek die webblad van die LWCC – **www.lwcc.org.za** of stuur 'n e-pos aan Sandra Wilkinson by **secretary@lwcc.org.za.**


AANPASSING SE MOSES



Met dosering van Lacticon™ S pas skape nou in 'n japtrap aan op mielie-oesreste/weimielies.

**Die innovasie van Lacticon™ S beteken:**

Skape wat mielies/ mielievoeding ken kan nou direk op mielie-oesreste/weimielies gejaag word sonder die gebruiklike omslagtige aanpassingspraktyke.

Mortaliteite a.g.v. suurpens word dramaties verlaag.

Verbeterde groei en gesondheid.

**Lacticon™ S – Vir ware gemoedsrus.**




Reg.No: V22206 (Act 36 van 1947)

**Vir meer inligting kontak:**

ABE Biotech: T 012 665 5087 C 078 785 9121

ABE BIOTECH

**Registrasie houer:** Megastarter Biotech (Pty) Ltd T/A MS Biotech, Reg. No. 2009/000123/07
Old Nutrition Building, Nellmapius Drive, ARC Irene, Irene, 0157 T 012 665 5087